2019 Novel

# KORONAVIRUS

## 'N GLOBALE GESONDHEIDSNOODTOESTAND

## ALLES WAT JY MOET WEET

Koronavirusse is 'n groot groep virusse wat algemeen onder diere voorkom. Die virusse kan mense siek maak, dikwels met 'n matige tot redelike infeksie van die boonste asemhalingskanaal, soortgelyk aan 'n gewone verkoue.

'n Nuwe koronavirus is in China geïdentifiseer wat met die uitbreek van longontsteking geassosieer word. Hierdie virus is die 2019 Novel Koronavirus (2019-nCoV), wat tot 'n aantal sterftes gelei het.

Wes-Kaapse Regering


Gesondheid

2019 Novel

# KORONAVIRUS

## HOE DIT VERSPREI

**Die 2019-nCoV versprei hoofsaaklik deur asemhalingsdruppels wat geproduseer word wanneer ’n besmette persoon hoes of nies.**



**Die 2019-nCoV word versprei deur:**

- Die lug deur hoes of nies
- Nabye persoonlike kontak soos aanraking of hande skud
- Aan ’n voorwerp of oppervlak te raak met die virus daarop, en dan aan jou mond, neus of oë te vat voordat jy jou hande was


Wes-Kaapse Regering
Gesondheid

2019 Novel

# KORONAVIRUS

## SIMPTOME

- Matige tot ernstige asemhalingsiekte met
- koors
- hoes
- asemhalingsprobleme
- keelseer



Die volledige kliniese situasie met betrekking tot 2019-nCoV is steeds nie heeltemal duidelik nie.

Pasiënte met onderliggende siektes en bejaardes blyk ’n groter risiko vir ernstige siektes te hê.

**Wes-Kaapse Regering**


Gesondheid

2019 Novel

# KORONAVIRUS

## WIE STAAN ’N GROTER RISIKO?

### Tans staan reisigers na Wahun, China, en ander areas wat geraak word ’n groter risiko vir infeksie.




Mense wat binne 14 dae nadat hulle na lande gereis het waar bekend is dat die 2019 Novel Koronavirus in omloop is simptome van asemhalingsiekte ontwikkel, insluitend hoes, koors en kortasemrig, moet vroegtydig mediese hulp soek en inligting oor hul reisgeskiedenis met hul dokters deel.

Wes-Kaapse Regering
Gesondheid

2019 Novel

# KORONAVIRUS

## VOORKOMING

**Daar is tans geen entstowwe beskikbaar wat jou teen infeksie met die menslike koronavirus beskerm nie. Oordrag word verminder deur:**







- Hande gereeld met seep en water te was
- Jou daarvan weerhou om met ongewaste hande aan jou oë, neus of mond te raak
- Nabye kontak te vermy met mense wat siek is
- Jou hoes of nies met ’n sneesdoekie te bedek en dit weg te gooi
- Voorwerpe en oppervlakke wat gereeld aangeraak word skoon te maak en te ontsmet

As jy minder ernstig siek is, hou jouself gehidrateerd, bly tuis en rus.

Wes-Kaapse Regering


Gesondheid

2019 Novel

# KORONAVIRUS

## BEHANDELING

**Behandeling is ondersteunend (bv. verskaf suurstof vir pasiënte met kortasemrig of behandeling vir koors).**



- Daar is geen spesifieke behandeling beskikbaar nie
- Antibiotikum behandel nie virusinfeksies nie. Antibiotikum kan egter benodig word as sekondêre (bakteriële)

**Wes-Kaapse Regering**


Gesondheid

2019 Novel

# KORONAVIRUS

## MAATREËLS IN PLEK

**Ondersoeke vir koors is in plek by internasionale lughawens.**




- Prosedures is in plek vir die opsporing, isolasie en hantering van gevalle om vinnige diagnose te maak
- Alle gesondheidsfasiliteite sal in staat wees om vermoedelike of bevestigde gevalle te hanteer en dit na die toepaslike verwysings- of aangewese hospitaal te verwys
- Protokol is in plek vir opvolg van diegene wat met die geval in kontak was om te verseker dat die virus nie versprei nie

Wes-Kaapse Regering

Gesondheid